NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 6
20 Februarie 2025

# Oorgang, nuwe-gang… Die Groot Opdrag

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Sedert 1998 vind die Algemene Diakensvergadering (ADV) elke drie jaar plaas, en vanaf 2016 word dit voorafgegaan deur die Ubi Caritas-simposium oor Christelike barmhartigheid. Soos u weet het die 73ste Algemene Kerkvergadering (AKV) 'n besluit geneem dat die diakonaat deel moet uitmaak van die AKV. Vanjaar is dus waarskynlik die laaste amptelike ADV. Dit is egter nie die einde van die pad nie, maar eerder 'n oorgang daartoe dat ons roeping tot barmhartigheid meer na die sentrum van kerkwees moet beweeg.**

Die lang pad van oorgang na die nuwe is reeds vir verskeie jare deur die AKV bespreek, deurtrap en hanteer. Wat beteken hierdie oorgang vir die kerk se barmhartigheidswerk? Nuwe-gang gaan nie oor nuwe werk of diens nie maar eerder nuwe werkswyses.

Die Groot Opdrag word in Matteus 28: 16-20 aan ons gegee. *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld* (Matt 28: 19-20, AFR83).

Hierdie opdrag is en bly deel van die opdrag van die diakonaat.

Op Donderdag 20 en Vrydag 21 Maart 2025 word alle lidmate en belangstellende genooi om deel te word van die praktiese werksessies van die Ubi Caritas-simposium:

- *Al ganende na ALLE MENSE.*
- *Al ganende maak hulle my DISSIPELS.*
- *Al ganende DOOP hulle.*
- *Al ganende LEER hulle.*

Hier gaan ons saam dink oor hoe om hierdie Groot Opdrag in ons daaglikse lewens uit te leef. Hierdie werksessies beloof om eietyds te dink in ons huidige omstandighede.


Donderdagaand begin ons met 'n oorsig oor die barmhartigheidswerk en die verandering van die kerk oor die jare heen in die vorm van 'n vertelling en gesprek. Maak seker dat jy jou sitplek bespreek.

Teen die einde van die Vrydag gaan groepe voorberei met die oog op Saterdag 22 Maart se praktiese werksessie van die ADV: *Diakonaat en die pad vorentoe*.

Al die registrasie-inligting is ***hier*** vervat in Omsendskrywe 4/2025. Maak seker dat jy betyds registreer om deel te word van die volgende generasie barmhartigheidsdenkers.

Tydens Christus se aardse lewe het Hy nooit één keer mooi woorde as plaasvervanger van dade gebruik nie. Van al die mense wat ooit gelewe het, was Hy die enigste wie se dade die uitvoering was van alles wat Hy belowe en geleer het. Hy het nie weggeskram van die betrokkenheid by die nood van ander en in woorde geskuil soos ons so maklik doen nie. Hy, die Woord, het mens geword en onder ons kom woon. Kom ons bid dat Hy ons help om na sy voorbeeld te lewe. Soos die Vader Hom gestuur het om mens te word, mens vir ander, moet ons ook gestuurdes wees en so sy Opdrag uitvoer.

**Diaken Wilna Gates**
**Voorsitter: Algemene Diakensvergadering**




Ds Robert van Niekerk



Prop Zilcha Mostert



Ds Willem Breytenbach



Dr Marina Kok-Pretorius



Ds Jaco Dreyer



Dr Antionette Janse van Rensburg

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 Februarie 2025, en word hartlik geluk gewens:**
    - Woensdag 19 Februarie: Ds P (Petri) de Kock (68) (emeritus)
    - Donderdag 20 Februarie: Ds NJ (Nic) Marè (69) (emeritus)
    - Vrydag 21 Februarie: Ds TF (Thomas) Dreyer (31) (Malelane)
    - Sondag 23 Februarie: Dr EH (Estelle) Dannhauser (64) (siekte-emeritaat), ds N (Natasha) Loftus (31) (Barberton/Nelspruit)
    - Maandag 24 Februarie: Dr AG (André) Ungerer (65) (dosent), di JH (Jan) Prinsloo (83) (emeritaat), en JD (Daniel) Steinmann (64) (Windhoek)
    - Dinsdag 25 Februarie: Ds CB (Bernard) Prinsloo (37) (Onverwacht)
    - Woensdag 26 Februarie: Ds M (Monja-Lize) van Belkum (46) (Seestergemeente Brackenhurst)
    - Vrydag 28 Februarie: Di A (Anneline) Geyer (50) (Kempton Park-Oos), en HP (Herman) Meyer (48) (Carletonville)

## Gemeentes en bediening

- **Ringskommissies** word herinner aan die **Inligting- en Besprekingsvergadering** van **20 Februarie** te Gemeente Pretoria-Oos.

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 24 Februarie** bereik **vir 6 Maart** se vergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- Die Moderamen het tydens hul gewone vergadering gehou op 7 Februarie die volgende besluite geneem:
    - Die Moderamen neem kennis van **ds CB (Nardus) Enslin** se **losmaking** van Gemeente Rustenburg-Kloof op 14 Februarie.
    - Die Moderamen neem kennis van **ds W (Wilma) Lötter-Matthee** se **losmaking** van Gemeente Richardsbaai op 31 Desember 2024.

- **Akte van Losmaking: Ds JR (Robert) van Niekerk** is op 31 Januarie van sy werkruimte by Gemeente Noordelike Pretoria losgemaak aangesien hy aangestel is as teologiedosent aan die Universiteit van Pretoria (UP).

- **Prop Z (Zilcha) Mostert** (gelegitimeer in die NG Kerk) het 'n beroep ontvang na **Gemeente Louis Trichardt** (deeltyds). Sy het die beroep aanvaar en is op 16 Februarie in die gemeente bevestig.


- Die Kommissie van die AKV verleen **emeritaat** aan **ds WJM (Willem) Breytenbach** (Hazyview/Sabie) op 30 Junie.

- **Dr RC (Marina) Kok-Pretorius** het 'n beroep ontvang van Potchefstroom (deeltyds) na **Potchefstroom** (voltyds).

- **Ds JJ (Jaco) Dreyer** het 'n beroep ontvang van Bloemfontein (voltyds) na **Bloemfontein** (deeltyds). Hy gaan einde Maart 2025 emeritaat aanvaar.

- **Dr A (Antionette) Janse van Rensburg** het 'n beroep van Montana (deeltyds)/dosent na **Montana** (deeltyds) ontvang. Sy het die beroep aanvaar.

- **Trek jy Suid-Kaap toe?** Gemeentes Swellendam (**nhkswellendam@gmail.com**), Outeniqua (**outeniqua@nhk.co.za**), Mosselbaai (**gertmalan@telkom.net**) of Oudtshoorn (**nhk.oudtshoorn@gmail.com**) ontvang jou graag.



Dr George Marchinkowski

- **Inhuldiging Algemene Sekretaris van die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa: Dr George Marchinkowski** is op Sondag 9 Februarie in Kempton Park ingehuldig as die nuwe Algemene Sekretaris van die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). Hy volg dr Lungile Mphetsheni op wat die pos vir tien jaar beklee het. Sy inhuldiging is waargeneem deur twee voormalige moderators van die UPCSA, proff Maake Masango en Graham Duncan, terwyl dr Amon Kasambala die prediking waargeneem het met Titus 1: 1-9 as teks. Dr Marchinkowski se vrou, Sascha, en dogter, Zoë, het hom tydens die inhuldiging bygestaan, en die geleentheid is bygewoon deur verteenwoordigers van verskeie ander kerke, waaronder dr Wouter van Wyk van die Hervormde Kerk.

## Vergaderings

- Donderdag 20 Februarie: NHKA Pensioenfonds
- Vrydag 21 Februarie: Raad van Finansies
- Dinsdag 25 Februarie: TOF Beurs en Leningskomitee<br>NHSV Studielenings

## Werksgeleenthede

- **Pos as orrellis: Gemeente Kempton Park-Oos** se orrelispos is vakant. Belangstellendes kan asseblief vir ds Anneline Geyer kontak by 082 924 7344 of **ds.anneline@gmail.com** vir meer inligting en besonderhede rakende die pos.

- **Administratiewe beampte (Deeltyds):Gemeente Pretoria-Oos**
  Na onlangse herstrukturering in die kerkkantoor weens die uitbreiding van die gemeentelike behoeftes en dienste word aansoeke van kandidate om die pos van administratiewe beampte te vul, ingewag. Dit is ’n deeltydse pos en werksure is 08:00 tot 13:00, Maandae tot Vrydae. Kantoordiens elke tweede Sondag per maand na die erediens (10:00-10:30) is ’n posvereiste.

  **Gemeente:**
  Gemeente Pretoria-Oos het drie predikante en is ’n groeiende gemeente met ongeveer 1260 (965 belydende) lidmate. Die visie vir die gemeente is: “Ons gemeente skep ruimtes vir mense in hul diversiteit waar hulle (saam) God kan ontmoet, tot egte aanbidding van God kan kom en Hom in die wêreld kan dien, sodat die lewe in oorvloed kan deurbreek.”

  **Posprofiel:**
  - Die gemeente is trots op ’n baie effektiewe administratiewe onderbou wat die Woordverkondiging ondersteun.
  - Die posbekleër is verantwoordelik vir administratiewe funksies in die kantoor en inligting aangaande lidmate in die gemeente.
  - Prestasie-area vir hierdie pos is hoofsaaklik algemene kantooradministrasie.

  **Aansoekerprofiel:**
  - Die suksesvolle aansoeker moet verkieslik twee jaar kantooradministrasie-ervaring hê en moet ten minste oor graad 12 of gelykstaande kwalifikasie beskik.
  - Die aansoeker moet oor gevorderde rekenaarvaardigheid beskik – Microsoft Office-pakket.
  - Werkskennis van die Winkerk-administratiewe program sal ’n aanbeveling wees.
  - Sterk oorweging sal geskenk word aan ’n toegewyde, deeglike en dinamiese persoon wat goed saam met ander in ’n span kan werk en wat selfgedissiplineerd kan funksioneer.
  - Die aansoeker moet ’n meelewende lidmaat van die gemeente wees/word en in staat wees om die hart van die gemeente, deur die uitleef van die visie van die gemeente, uit te dra.

  **Sluitingsdatum:**
  Aansoeke sluit op **Woensdag 26 Februarie 2025**. Aansoeke moet van ’n volledige CV vergesel word. Die CV moet die verlangde poservaring duidelik weerspieël.

Diensaanvaarding is 1 April 2025, of so spoedig moontlik daarna. Aansoeke moet per e-pos aan die Kantoor- en Terreinbestuurder, Magda Cunze, by magda.ptaoos@gmail.com gestuur word.

Die vergoeding is op aanvraag beskikbaar. Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers aan te stel nie.

## Kerklike en ander publikasies







- Die ***Bybelse Dagboek/Almanak* 2025** is beskikbaar by die Sinodale Dienssentrum se boekwinkel in Derdepoort. Bestellings kan steeds geplaas word by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.




- ***Almanak* van 2001, 2003, 2004 en 2005:** Ds Carel Johann de Bruin wil graag skoon, nog nie voorheen gebruikte eksemplare vir sy **privaatversameling** bekom. Hy kan gekontak word by **careljohan@gmail.com** of per WhatsApp by 082 733 3951.

## ’n Gedig

**Die mense wat my liefhet**

Die mense wat my liefhet
kom groei op my soos mos
daar laat ek hul na hartelus gedy
en loop deur die wêreld
– beskut teen die koue –
die snoesigheid self:
ek met my moskombers

En as daar oorlog kom
word die mense wat my liefhet
’n ekstra horinglaag
so marsjeer ek deur die wêreld
– gepantser teen die vuur –
die onaantasbaarheid self:
ek met my harnas van been

Maar as iemand wat op my gegroei het
weggaan
kom sit daar 'n wond
dan sluip ek deur die wêreld
die kwesbaarheid self:
ek met my seerplek
wat nie wil genees nie

**Stephan Bouwer**
Uit: *Soldag*, 1973

## Fondsinsamelings

- **Basaar: Bronkhorstspruit – 1 Maart 2025 vanaf 07:30**
  Ry met die N4 tot by Bronkhorstspruit
  want op 1 Maart 2025 is dit tyd vir basaarjolyt.
  Ons gaste kom van vroegdag af om te kuier en te eet
  van alles waarvan basaargangers al weet.
  Vleis, koek en tee, sleep my mee,
  vetkoeke, aartappel op ’n stokkie, burgers. Ai my bokkie
  is daar plek vir alles op ons trokkie?
  Dis vis en skyfies, pannekoek en boepensbroodjie,
  groente, kerrie-en-rys, pap en kaiings en die wagte se fooitjie.
  Met ’n koue koeldrank in die hand
  stap ek deur witolifantland.
  Ons kinders se tafels spel vreugde en plesier.
  Spandeer hier ’n uur,
  rakke vol boeke oor stories en koeke.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Toerusting


**HTK e-leer** Voortgesette Teologiese Toerusting
E-leer kursus vir alle lidmate van die kerk

Tema: Doopkategese

Fooi: R100

Navrae: Ds Hannes van der Merwe
+27 82 575 1979
hannes@pretoriaoos.com

Klik ***hier*** vir meer inligting.
Registreer: **https://winkel.hervormdeteologie.co.za/**




- **Versorgeropleiding:** Is jy Afrikaans met jou eie vervoer en akkommodasie en 'n besonderse liefde en omgee vir jou medemens? Registreer vir die versorgeropleiding wat aangebied word deur die opleidingsinstituut van Solidariteit en gemeentes van die NHKA. Die opleidingskursus duur ses maande en vind by die **Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut** in Garsfontein, Pretoria plaas. Die kursus fokus op bejaardes, persone met gestremdhede, asook versorging vir persone wat operasies ondergaan het. Kandidate word toegerus met die nodige vaardighede en kundigheid om gereeld met gemeentes en instansies te skakel en dienste teen billike vergoeding aan te bied. Indien jy belangstel skakel gerus vir Helpende Hand by 012 111 8360 of besoek die webtuiste ***hier*** of kontak **kantoor@kerkteendieberg.co.za** of 081 000 5818.

SkillsPro GROUP
Departement van Teologie in samewerking met die
NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

### Diploma in Bediening
Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; 5 jaar deeltyds



***Toelatingsvereistes***
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

"Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk."

***Inskrywings vir Februarie 2025 kan nou gedoen word.***

Navrae: Dr Deon du Toit
E-pos: ministry@skillspro.co.za
Selnommer: 082 894 5751

*Maak 'n verskil in die Koninkryk van God*

## Studentesake

### STUDENTEBEHUISING IN PRETORIA

**De Goede Hoop-koshuis** is geleë in Hatfield, en is meer as net studenteverblyf. Hier skep ons werklik 'n huis weg van die huis vir ons studente. Hier kan hulle hulself uitleef, lewenslange vriendskappe vorm en die nodige vaardighede ontwikkel om as 'n dinamiese en selfstandige jongmens die wêreld aan te pak!

DE GOEDE HOOP

Word nou deel daarvan en doen aansoek op ons webblad **https://degoedehoop.co.za/doen-aansoek/** of skakel 079 500 7500 of stuur 'n e-pos na **admin@tukiestate.co.za**

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- Dit gaan goed met die **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderrig (TOIBO)** en die TOIBO-geassosieerde skole. Ons kan met trots aankondig dat 95% van die 2024-matrikulante geslaag het. Twee van die skole (Transoranje Skool vir Dowes en Prinshofskool vir Gesiggestremdes) het 'n 100%-slaagsyfer behaal. Baie dankie vir u ondersteuning. Dit word opreg waardeer.




- Die **Januarie/Februarie 2025-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** word ingelui met **ds Hannelie Botha**, se redaksionele artikel *Familie* en sy spreek die hoop uit en vra of daar meer inligting beskikbaar is oor die kerk-families van die NHKA*.* **Mari-lizé Beukes**, voorsitter NHSV Hoofbestuur, deel die NHSV se tema van 2025 met ons in *Want ek weet op Wie ek vertrou.* ***Dr Piet van Staden,*** Gemeente Worcester, raak 'n paar lewenskwessies aan met vrae wat ons vra in *Epifaniesondag.* **Ds Carel Johann de Bruin,** sekretaris van die Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek, brei die plakkaatversameling uit met plakkate nommers 8 en 9, *Kerkvestiging deur die Voortrekkers & Gemeente Potchefstroom,* in die artikel *SP Engelbrecht Museum.* Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

    - Eenslaapkamer: R515 000
    - 1½-slaapkamer: R520 000
    - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is

fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week



Ons Vader in die hemel,
laat almal op aarde groot eerbied vir u heilige Naam hê.
Laat u nuwe wêreld tog gou aanbreek.
Almal in die hemel doen wat U sê.
Gee dat almal hier op die aarde ook doen wat U wil hê.
Gee ons vandag genoeg om van te leef.
Vergeef ons waar ons nie doen wat U van ons vra nie,
net soos ons ander mense vergeef
wat nie reg teenoor ons optree nie.
Help ons om nooit te swig voor versoekings nie,
en pas ons op wanneer die duiwel ons wil verlei
om verkeerde dinge te doen.
Amen.

Matteus 6: 9-13 (Die Boodskap)


Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Prop Iwana Hartmann